

10 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 11:45-12:19

Fokusgedeelte: Johannes 11:49-52

Een man vir die hele volk

Jy sal saamstem dat Kajafas se woorde na twee kante toe sny. Soms is dit helde wat sterf vir volk en vaderland. Selfmoord-bomplanters dink ook hulle is 'helde' wat vir hulle groep se ideale sterf. Meestal is dit egter staatsvyande wat vir volksbehoud uit die weg geruim word. Dit is wat die Hoëpriester volgens vers 50 bedoel. Na die opwekking van Lasarus glo al hoe meer mense in Jesus. Die leiersposisies van die raadslede en die Joods-Romeinse verhouding word, volgens Kajafas, daardeur bedreig en daarom moet hulle van Jesus ontslae raak. Kajafas praat vanuit sy sondige gees. Tog maak die Heilige Gees van sy woorde die grootste waarheid van alle tye: Een onskuldige Man, Jesus, sterf vir die skuldiges. Só word die kinders van God uit die Jode en uit alle nasies op aarde tot een volk bymekaar gebring (vers 52). Jesus het dit 'n paar dae later só gestel: "Niemand het groter liefde as dit nie, dat hy sy lewe vir sy vriende gee" (Joh 15:13).

As die Koning van die Jode daardie laaste Sondag van sy lewe op aarde die stad op 'n donkiewul binne ry, dan bied Hy Homself, onder die lofprysing van die volk, vrywillig as God se Offerlam aan. Hy is toe ook al klaar deur Maria vir sy begrafnis gesalf. Die onheilige Joodse raadsplan in Jerusalem was dus eintlik uitvoering van God se heilige Raadsplan. "Here, ons Here, hoe wonderbaar is U Naam oor die hele aarde".

Sing: Skrifberyming 8:2

Ds J Venter (Emeritus)